Laerskool Queenswood

Omsendbrief 19

15 Junie 2011

Geagte Ouers en Voogde

VRYDAG 17 JUNIE 2011:

Vrydag, 17 Junie 2011 is 'n skole-vakansiedag. Die naskool sal oop wees.

URE: *Oop:* 06:30 *Toe:* 17:30

FOOIE: *Naskoolleerders:* R10.00

Dagleerders/Nie-naskoolleerders: R30.00

LW: *Hierdie fooie is betaalbaar op 17 Junie 2011.*

FOTO'S:
Leerders wat aan eerste en tweede kwartaal aktiwiteite deelgeneem het en van wie op 17 Mei 2011 foto's geneem is het fotobestellings ontvang. Indien daar 'n leerder is wat nog nie so 'n kovert onvang het nie, moet asseblief by mej. Grober een kom afhaal. Die fotobestellings sluit op 29 Julie 2011.

PARKERING PUXLEYSTEEG:
U word vriendelik versoek om asseblief tussen die parkeerstrepe te parkeer wanneer u u kinders op- of aflaai. Die parkeerarea is beperk. Dit verstreur ouers wanneer 'n motor meer as een parkeerplek opneem.

KINDERHUISLEERDERS:
Geen kinderhuisleerder mag deur 'n ouer vervoer word alvorens daar nie reëlings met die kinderhuis en skool getref is nie.

TENNISAFRIGTING:
Daar sal Maandag, 20 Junie 2011, geen tennisafrigting vir beginner tennisspelers wees nie.

ENTREPRENEURSDAG:
Dit is die graad vier leerders se beurt om op 24 Junie 2011 te verkoop.

Graad 4's pak uit	:	08:30
Verkope begin	:	09:00
Verkope eindig	:	10:00
Opruim	:	10:00 tot 10:30
Skool kom uit	:	11:00

KOPLUISE:
Daar is gemerk dat kopluise weer hul verskyning gemaak het. Maak asseblief gedurende die skoolvakansie seker dat u kind se hare luisvry is. Daar is baie goeie middels wat by apteke beskikbaar is.

SKOOLTERREIN:
Indien u clivias in u tuin het en moontlik 'n paar plantjies aan die skool kan skenk sal dit hoog op prys gestel word. Ons benodig ook sakke kunsmis 2/3/5. U hulp in hierdie verband sal waardeer word.

SEMENT EN BOUSTENE:
Daar is 'n bouprojek by die skool waarvoor sakke sement en boustene (mamparras) benodig word. Indien dit vir u moontlik is om ons hiermee te help sal dit vir ons baie beteken.

Vriendelike groete

……
R. LUDICK
PRINSIPAAL

Punte van belang:

Vrydag 17 Junie 2011

Foto's

Parkering Puxleysteeg

Kinderhuisleerders

Tennisafrigting

Entrepreneursdag

Kopluise

Skoolterrein

Sement en boustene